



|                                  |   |
|----------------------------------|---|
| VAK EN GRAAD                     | Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 10  |
| KW 2                             | Week 1  |
| ONDERWERP                        | Taalstrukture: Selfstandige naamwoord en Voornaamwoord  |
| INLEIDING                        | <p><b>'n Selfstandige naamwoord ( s.nw. )</b> is 'n woord waarmee 'n mens iemand of iets benoem, byvoorbeeld , <i>leerder , olifant , boot , liefde , Japan , ens.</i></p> <p><b>'n Voornaamwoord ( v.nw. )</b> word in die plek van 'n selfstandige naamwoord gebruik , byvoorbeeld , <i>hy , sy , julle , wie , daardie , waarop , ens.</i></p>   |
| INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE) | <p><b>Selfstandige naamwoord ( s.nw. )</b></p> <p>Selfstandige naamwoorde word in ses kategorieë ingedeel:</p> <ol style="list-style-type: none"><li>1. Soortname : <i>man , dogter , land , berg , ens.</i></li><li>2. Eiename : <i>Tsepho , Susan , Suid-Afrika , Tafelberg , ens.</i></li><li>3. Abstrakte s.nwe. : <i>liefde , blydschap , hoogmoed , ens.</i></li><li>4. Versamelname : 'n <i>skool visse , 'n bos blomme , 'n bondel wasgoed , ens.</i></li><li>5. Maatname : 'n <i>bottel melk , 'n koppie meel , ens.</i></li><li>6. Massaname : <i>goud , sand , water , ens.</i></li></ol> <p>Hoe ken ek 'n selfstandige naamwoord uit ?</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Kan <b>die</b> of <b>'n</b> vooraan kry</li><li>• Meervoud : <i>badkamers , foto's , reënjasse , beddens , kinders , hoofde , ligte , pa's , oumas</i></li><li>• Verkleining : <i>tuintjie , liedjie , dorpie , slangetjie , wurmpie , kettinkie , koninkie , woninkie</i></li><li>• Geslag : <i>onderwyser - onderwyseres , skrywer - skryster , bibliotekaris - bibliotekaresse</i></li><li>• Kan konkreet of abstrak wees</li></ul> <p><b>Voornaamwoord ( v.nw. )</b></p> <ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Persoonlike voornaamwoord</b> = <i>ek; jy; hy; sy; dit; ons; julle; hulle</i></li><li>• <b>Besitlike voornaamwoord</b> = <i>my/myne; sy/syne; haar/hare; ons; julle; hulle s'n</i></li><li>•</li></ul> |

|                             |  |
|-----------------------------|--|
|                             | <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Betreklike voornaamwoord</b> = <i>wat; wie; wie se, waarop, waarmee, waarlangs, waardeur, op wie</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Gebruik altyd die voornaamwoord <b>WAT</b> as dit op mense, diere of dinge betrekking het, bv. Die man <b>WAT</b> daar loop, is siek.</li> <li>○ <b>WIE</b> kan slegs saam met 'n <b>voorzetsel</b> gebruik word en dan verwys dit altyd na mense, bv. Die man <b>met WIE</b> ek praat, is my oom. Die seun <b>WIE se</b> boek ek geleen het, sit langs my in die klas.</li> </ul> </li> <li>• <b>Aanwysende voornaamwoord</b> = <i>hierdie; daardie; dié; sulke</i></li> <li>• <b>Onbepaalde voornaamwoord</b> = <i>niemand; iets</i></li> <li>• <b>Onpersoonlike voornaamwoord</b> = <i>dit (bv. Dit reën; natuurverskynsels)</i></li> <li>• <b>Wederkerende voornaamwoord</b> = <i>Bv. Ek skaam my. Hy misgis hom. Ek was myself. Hy benadeel homself</i></li> <li>• <b>Wederkerige voornaamwoord</b> = <i>mekaar – Hulle groet mekaar; Die paartjie gee mekaar die regterhand.</i></li> <li>• <b>Vraende voornaamwoord</b> = <i>wie; wat; waar, wanneer; waarom; hoekom</i></li> </ul> |
| AKTIWITEITE/<br>ASSESSERING | <p><b>Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg. Jy kan ook 'n gesinslid vra om jou antwoorde te toets.</b></p> <p><b>Selfstandige Naamwoord</b></p> <p><b>Aktiwiteit 1</b><br/> <i>Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord dan die taalvrae wat daarop volg :</i></p> <p>Suid -Afrika het meer monumente onder die water as op <b>land</b> en die meeste van hierdie watermonumente is te vinde in 'n skeepsbegraafplaas langs die <b>kus</b> aan die suidpunt van Afrika.</p> <p>Die <b>skepe</b>, eens die trots van hul <b>eienaars</b>, lê nou die onder die <b>golwe</b> van die oseaan. Hulle lê nou en verrot in hul donker <b>watergraf</b>. <b>Muntstukke</b>, goue <b>ringe</b>, <b>diamante</b> en kosbare porselein word deur die sand op die <b>seebodem</b> bedek.</p> <p>Opdrag : Vorm nou <i>verkleinwoorde</i> van die vetgedrukte woorde in die leesstuk.</p>  |

## Aktiwiteit 2

Gee die *meervoudsvorme* van die vetgedrukte woorde in die volgende sinne :

- 2.1 Die Kaap se berugte wind het die grootste **bydrae** gelewer tot die "**biblioteek**" op ons seabodem.
- 2.2 Die **foto** van die **skeepswrak** hang teen die kamer se muur.
- 2.3 Waardevolle **goed** lê naby die **skip** se **boeg** begrawe.
- 2.4 Die **kind** luister na die gedruis van die see.
- 2.5 Die **hoof** van die **vloot** tree binnekort af.

## Voornaamwoord

### Aktiwiteit 1

Gebruik die *voornaamwoorde* in die onderstaande tabel om die sinne te voltooi:

|  |
|--|
| sy; haar; syne; hom; hare; u; jou; hy; daardie; wat; dit |
|--|

- 1.1 Die lugwaardin het aan die man gesê dat .... nie mag toelaat dat .... , .... groot tas by ..... hou nie.
- 1.2 Die dame mag egter ..... handsak by ..... hou.
- 1.3 Die ou tannie sê dat ..... die pille ..... in die handsak is , op die reis moet drink.
- 1.4 " Maak asseblief ..... sitplekgordels vas , " sê die lugwaardin aan die passasiers.
- 1.5 Handsakke, jasse, sambrele en leesstof word gratis vervoer as 'n mens ..... gedurende die reis by ..... hou.
- 1.6 Die lugwaardin sê aan die dame dat die sitplek by die venster ..... is. Die onvriendelike man sê egter dat dit ..... is.

### Aktiwiteit 2

Vorm die korrekte *voornaamwoorde* van die woorde tussen hakies :

- 2.1 Dit is die tas ( na wat ) hy soek.
- 2.2 Daar staan die passasier ( vir wat ) ons wag .
- 2.3 Is dit die vliegtuig ( met wat ) ons gaan vlieg ?
- 2.4 Hier is die tas ( in wat ) die ou dame se medisyne is.
- 2.5 Is dit die deur ( deur wat ) ons na die ontvangslokaal moet gaan ?

|                                       |  |
|---------------------------------------|--|
| Bronne                                | Raadpleeg die gedeelte oor die <b>woordsoorte (selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde)</b> in jou taalhandboek en doen die vasleggingsoefeninge.  |
| Memorandum van assesseringsaktiwiteit | <p><b>Selfstandige naamwoord</b></p> <p><b>Aktiwiteit 1 :</b><br/>landjie / kussie / skepies / eienaartjies / watergraffies / muntstukkes / diamantjies / seabodempie</p> <p><b>Aktiwiteit 2</b><br/>2.1 bydraes, biblioteke<br/>2.2 foto's, skepswrakke<br/>2.3 goete / goeters / goedere, skepe, boeë<br/>2.4 kinders<br/>2.5 hoofde, vlote</p> <p><b>Voornaamwoord</b></p> <p><b>Aktiwiteit 1</b><br/>1.1 sy , hy , sy , hom<br/>1.2 haar , haar<br/>1.3 sy , wat<br/>1.4 u<br/>1.5 dit , jou<br/>1.6 hare , syne</p> <p><b>Aktiwiteit 2</b><br/>2.1 waarna<br/>2.2 vir wie<br/>2.3 waarmee<br/>2.4 waarin<br/>2.5 waardeur</p> |